RESPEK · DISSIPLINE
100
1919 - 2019
INTEGRITEIT · LIEFDE

Laerskool W.A. Joubert

18 April 2019 Omsendskrywe 13/2019

Geagte Ouer/s

A. UIT DIE KANTOOR

Ek wil graag dankie sê vir almal wat gehelp het om van hierdie konsert 'n sukses te maak. Ek het net weer besef dat skole nie gaan oor hokkie astrovelde, smart TV's en WiFi in die klaskamers nie. Dit gaan oor mense. Dit was vir my verblydend om te sien hoe die kinders dit geniet het. Ek is ook trots op hoe die WA Joubert-familie ingespring en saamgewerk het om alles vlot te laat verloop. Wel gedaan WA Joubert.

In dieselfde asem wil ek u almal n geseënde Paasfees toewens. Rus lekkker, skakel af en maak tyd vir julle families. Ry versigtig en kom veilig terug.

Kyknet se 'Sing in Harmonie'-span kom reeds op Dinsdag 23 April 'n opname hier by die skool maak. Leerders moet asseblief hulle volledige WAJ-somersdrag op hierdie dag aantrek. Geen kind gaan afgeneem word indien hy/sy nie netjies sy/haar somersdrag aan het nie.

Dit is met groot medelye dat ons verneem het van Karmia de Nysschen (4A) se pappa Allen wat oorlede is. Baie sterkte word julle toegebid in hierdie moeilike tyd.

B. BAIE GELUK / BAIE DANKIE

- Aan die volgende dogters wat opgeneem is in die onderskeie ouderdomsgroepe se Sentraal Wynland Netbalspanne : Nicole Thiersen, Jana Vorster (0/11); Nelia Destroo (0/12).
- Aan Slagerij van der Kooij wat die lam geskenk het vir die Kaskardag se gelukstrekking.
- Aan Basson Skoene wat 'n stel tekkies geskenk het vir die Kaskardag aan die opvoeder wie se klas die meeste geld ingesamel het.
- Aan Aneska Davids (mamma) vir die borg van die 0/13A-hokkiespan (dogters) vir nuwe sokkies.
- Aan Pêrel Sport vir die spesiale prys waarteen hulle bogenoemde sokkies beskikbaar gestel het.

C. TALENTKOMPETISIE

Ons jaarlikse Talentkompetisie vind plaas op 31 Mei 2019. Inskrywingsvorms is beskikbaar by juf Marinda en die sluitingsdatum is 26 April. Hierdie jaar het ons 'n junior- sowel as senior wenner waarvan die prysgeld onderskeidelik R 5 000 en R10 000 is. Enige talent kan vertoon word.

D. KYKNET SING IN HARMONIE : 6 JUNIE 22019

Ons jnr- en snr kore tree op by hierdie geleentheid wat aangebied word deur Kyknet Nou (kanaal 146). Kaartjies vir hierdie geleentheid kos R100 en moet bespreek word by Hendrien vóór of op 30 April. Indien u sou belangstel om dit by te woon in Hoër Seunskool se saal, stuur asb u R100 na Hendrien. Geen laat besprekings kan vir hierdie Kyknet-produksie aanvaar word nie, aangesien die getalle op 30 April deurgebel moet word aan Kyknet.

Posbus 270, PAARL, 7620

T 021-8722832 / F 021 -8723424 / admin@wajoubert.co.za / www.wajoubert.co.za

E. **GEBEDSGROEP**

Ons herinner u net weer aan die gebedsgroepie wat elke Woensdagoggend om 07:00 in mnr Jaques se klaskamer bymekaar kom om saam te bid vir ons skool.

F. **KONSERT : DVD**

Elke kind ontvang vandag 'n DVD-/Konsert bestelvormpie. Alle bestellings (bestelvormpie + geld) moet ingehandig word teen Vrydag 3 Mei 2019 by juf Marinda.

G. **PROGRAM VAN DIE WEEK**

Maandag	22 April	:	**G E S I N S D A G**
Dinsdag	23 April	:	Beheerliggaamvergadering
			Eisteddfod : Lees
Woensdag	24 April	:	Hokkie vs Ebenezer/Gim (0/9 - 0/13) (tuis)
			Eisteddfod : Lees
Donderdag	25 April	:	Eisteddfod : Lees
			Rugby vs Paulus Joubert (0/7 - 0/13) (tuis)
Vrydag	26 April	:	Talentkompetisie : inskrywings sluit
Saterdag	27 April	:	VRYHEIDSDAG

H. **GEDAGTE VIR DIE WEEK**

Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. *-Galasiërs 6:7-8-*

Vriendelike groete

HJ Nel
SKOOLHOOF